



WELKOM | Groot op genade

"Die Here is ons Herder..."

# Kuberkamma

8 Maart 2020

Psalm 40 vers 1 - 2 (NLV)

*"Ek het met hunkering op die Here gewag. Hy het na my afgebuig en my geroep gehoor."*

Vertoon die e-pos nie korrek nie? [Klik hier om die nuusbrief eerder op die internet te lees.](#)

## Program vir die Dag

08h30 Eietydse Diens en Belydenisaflegging

09h45 Kategese

10h00 Klassieke Diens

Die deurdankoffer gaan vir **Gemeentebediening**.

## Program vir die Week

10 Maart	19h00	Leef@Kerk
11 Maart	18h00	Dagbestuur
13 Maart	05h00	Mannebyeenkoms te Lilylaan 65

[Die kommuniekamma is van Saterdag op die webwerf beskikbaar.](#)

## Nuusbrokkies

### Sake vir gebed

[Lees asseblief biddend](#) die name van die persone wat ons voorbidding dringend nodig het.

### Kraggakamma Gemeente

Kraggakamma Gemeente vier hierdie maand haar 47ste bestaansjaar! Ons dank die Here vir 47 jaar van genade!

### #Imagine 27 tot 29 Maart 2020

Tiener registrasievorms vir #Imagine is op die webwerf beskikbaar.

### There4-Bedieninge

Ons gebedsversoek vir die komende week is vir Eritrea :

Daar is so baie Christene in Eritrea wat in tronke sit as gevolg van hul geloof. Bid saam dat die Here hulle daaglik sal versterk en bemoedig deur Sy Heilige Gees. [Foto](#)

## Verjaarsdae

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

8 Maart	Waldo Dreyer, Herman Fourie, Johan Gerber en Madelein Naudé
9 Maart	Pienaar Agenbag, Hennie Bakkes, Tommie Burger, Rina Kahts, Derik van der Merwe en Natie van Jaarsveld
10 Maart	Ronel Kotze, Jacques Minnie en Louise Niewoudt
11 Maart	Niel Cronjé, Charleston Herman, Marelize Roets, Renier Rossouw, Schine Roux, Arno Rust en Liani Slabbert
12 Maart	Justin Terblanche
13 Maart	Sanelle Botha, Ané Human, Lara Meiring en Leonette Moolman
14 Maart	Estelle van der Merwe, Daniël Venter, Pieter Vosloo en Amy Wentworht



## Padkos

### **Wanneer God herders afdank...**

God was niks beïndruk met die godsdienstige leiers van Israel nie. In Esegiël 34 vertel Hy dat Hy kwaad is vir sy herders omdat hulle gedurig die beste deel van alles vir hulleself vat terwyl hulle die volk van God afskeep. Hulle steel en bedrieg. Hulle gee niks om vir die Here se kudde wat weggedwaal het en wat tussen gevaarlike roofdiere beland het nie. Daarom dat God besluit om hierdie herders te onthef en om self sy volk se herder te wees. Presies dit doen Jesus vandag nog. Hy vertel in Johannes 10 Hyself is die goeie herder wat sy eie lewe neerlê vir al God se skape. Hyself gee vir ons ewige lewe. Niks of niemand kan enige van sy skape uit sy magtige hand ruk nie. Ook vertel Jesus in Matteus 18 dat Hy nie toelaat dat een van sy skape ooit sal wegraak nie. Hyself vat sulke verdwaalde skape se spoor en soek hulle totdat Hy hulle opspoor. Dan tel Jesus hulle op sy eie skouers en dra hulle terug na God se skaapkraal toe. Praat van 'n wonderlike nuwe bedeling! Jesus self is nou ons voltydse herder en oppasser.

[Goeie Nuus deur Stephan Joubert <http://www.ekerk.org/>]

## *Kubergroete tot volgende keer*



Skandeer die Kraggakamma Gemeente SnapCode om donasies, maandelikse dankoffers, kollekte en aankope deur middel van SnapScan te betaal. [www.getsnapscan.com](http://www.getsnapscan.com)